# NOTULE

## VIERDE SITTINGSDAG
## DONDERDAG 13 OKTOBER 2016

### SESSIE 12 (08:00 – 10:30)

### 33. Morning Devotion

Lead by dr. Stephan Botha from the DRC Andrew Murray, the English speaking congregation in Pretoria.
The Synod sings from Psalm 134:1 and 4, as well as 464:1 and 4.
Invocation.
Greeting.
Reading from Romans 5:3-5.
Message: From Despair to Resignation to Hope.
Prayer.
Song 514:1-3 (Blessed assurance).
Blessing of the Lord.

Die moderator verwelkom ds. Nelis Janse van Rensburg, die voorsitter van die ASM (Algemene Sinode Moderamen).
Hy vra voorts vir verdere nominasies vir moderatuurslede.

Ds. Paul Grobler doen afkondigings.
Daar gaan parallelle geleenthede wees vir bespreking van finansies, regsake, kategese en ekologie. Hy reël die lokale en tye van die parallele sessies.

### 34. GELOOFSVORMING (bl 103)

Die verslag word aan die orde gestel deur dr. Willem Pretorius.

Brugpredikante en brugbediening word voortaan gelei deur ds. Christoff Muller.

Ds. Immanuel van Tonder (Lynnwood) van die Sentum vir Spiritualiteit lig die vergadering in aangaande die wese en werk van die sentrum asook van kursusse wat aangebied word in spirituele begeleiding.

Ds. Rehan Rheeder (Villieria) gee inligting aangaande die Kinder- en Familiebediening.

Dr. Dieter de Bruyn kan gekontak word rondom meer liturgiese inligting vir die inrigting van eredienste.

Dr. Fanie Cronjé vertel van die tekslees geleenthede op Dinsdae by Blue Crane Restaurant en nooi almal om te kom deelneem.

**3. JEUG** (bl 103)

**1.1 #Imagine**

Ds. Fouché De Wet van Stellastraat lei die verslag oor die jeugbediening in. 'n Video word vertoon om die werksaamhede van #Imagine bekend te stel. Hy gee geleentheid vir tafelgesprekke oor die volgende vrae:

- Hoe gesond is ons geloofvoming, in terme van:
    - Ouers se betrokkenheid?
    - Bediening deur of aan jongmense

- Kerk en skool – hoe moet ons vorentoe maak?
- Hoe dink jy oor #Imagine?

Na die tafelgesprekke gee die voorsitter geleentheid vir bespreking van die vloer af.

## 35. Verkiesing van Moderatuur.

**Nominasies – Addissionele lede.**
Daar moet vir 2 lede gestem word**.**

Hannes Bezuidenhout, JM
Jan Botha, JA
Herman Carelsen, HL
Fanie Cronje, SI
Chris Harris, JCF
Sonika Kruger, S
Retha Kruidenier, CM
Ronel Meylahn, EP
Amos Schreuder, HA
JC Swanepoel, JC
Marinda van Niekerk, M

## 36. Praktiese reelings:

Ds. Paul Grobler tref reëlings vir die parallelle sessies na die brunch/midbyt onder leiding van:

- Ds. Johan Avenant (The Reeds)
- Dr. Michiel van der Merwe (Stabilis)
- Ds. Johan Crause (Pretoria-Tuine)
- Ds. Attie Nel (Waverley)

Ds. Rykie Howell (Waterkloof) doen ‘n tafelgebed.

## SESSIE 13 (11:30 – 13:30)

## 37. Groeteboodskap: ds. Nelis van Rensburg

Die voorsitter stel ds. Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die ASM, aan die woord. Hy deel 'n aantal sake vanaf die Algemene Sinode met die vergadering. Die Algemene Sinodale Moderatuur het onderneem om uitvoering en aandag aan die volgende sake te gee:

- Om 'n strategie uit te werk vir missionale transformasie
- Hierargië binne die kerkverband te dekonstrueer.
- Die algemene Kuratorium
- Geloofsvorming netwerke te help vestig
- 'n Missionale Kerkorde te vestig
- Ekumene
- Kommunikasie
- Leer-en-Aktuele Sake
- Liturgie
- Seisoen van Menswaardigheid
- Christelike Lektuurfonds
- Kerklike Maatskaplike Diensteraad
- Hugenote Kollege
- Vestig 'n kultuur van deelnemende besluitneming
- Verhouding met Wêreldraad van Kerke

Die voorsitter bedank hom en wens hom die seën van die Here toe, veral vir die komende buitengewone Algemene Sinodesitting.

## 38. GELOOFSVORMING (Vervolg) (bl. 103)

Geleentheid vir bespreking en vrae uit die vergadering.

Ds. Fouché de Wet reageer op opmerkings en vrae wat uit die vergadering gekom het en handel die verslag af.

**VOORSTEL 10 - Goedgekeur**
**Die Sinode versoek die SDR om gemeentes te help:**

1. **Om die belangrikheid van lewenslange geloofsvorming van alle lidmate te verstaan waar die huis en die gemeente as vennote optree.**
2. **Om die belangrike rol van ouers en die huis in die geloofsvormingsproses van kinders en jongmense te verstaan en daarom ouers en huise kern deel te maak van hul jeugbediening.**
3. **In hulle toerustingsrol deur die bewusmaking van beskikbare toerusting material en geleenthede.**

**JC Avenant** — **Voorsteller**
**W van Niekerk** — **Sekondant**

**VOORSTEL 12 - Goedgekeur**
**Die Noordelike Sinode is dankbaar vir die impak wat die #Imagine Jeugnetwerk in jongmense se geloofslewe maak en dat dit ondersteunend is tot gemeentes se jeugbediening.**

1. **Die Noordelike Sinode versoek Geloofsvorming om met die #Imagine Jeugnetwerk te skakel vir opvolg programmateriaal wat aan gemeentes, wie se jongmense geleenthede bygewoon het, beskikbaar gestel kan word om sodoende volhoubaarheid in terme van jongmense se geloofsvorming en dissipelskapskepping te bevorder.**

2. **Die Noordelike Sinode versoek die #Imagine Jeugnetwerk om reeds bestaande Sinodale kampe in ag te neem vir die vasstelling van kampdatums en ook hierdie kampe te bevorder met geloofsvorming in ag geneem.**

**PJ Visser** — **Voorsteller**
**PJ van Rensburg** — **Sekondant**

Ouderling Bruce Fenn (Quaggapoort), verbonde aan FEDSAS (Federation of Governing Bodies of SA), gee inligting oor die hofsaak wat oppad is aangaande godsdiens in skole.

Daar word geleentheid gegee vir gebed by die tafels vir onderwys en die jeugbediening van die kerk.

## 39. Verkiesing van Moderatuur.

**Tweede Stemming vir Addissionele lede**.
Daar moet vir twee persone gestem word.

Fanie Cronje, SI
Chris Harris, JCF
Marinda van Niekerk, M

Die Parallelle sessies verdeel:

- In die groot saal - Kategese (ds. Johan Avenant)
- In Waterberg Sentrum –
    - Finansies (dr. Michiel van der Merwe)
    - Regte (ds. Attie Nel)
    - Ekologie (ds. Peet Crous)

## **SESSIE 14** (14:00 – 15:45)

**40. NOTULE 2E SITTINGSDAG MAANDAG 11 OKTOBER 2016 - Goedgekeur**

## 41. VERKIESING VAN DIE MODERATUUR: ADDISIONELE LEDE

Die voorsitter kondig aan dat drs. Fanie Cronjé en Marinda van Niekerk verkies is as addisionele lede tot die moderatuur.

## 42. **GELOOFSVORMING** (vervolg) – bl 103

Dr. Willem Pretorius stel ds. Fritz Snyman aan die woord vir verslag oor Studentebediening – bl.105.

Die voorsitter gee geleentheid aan die vergadering vir oop gesprek oor Studentebediening.

**VOORSTEL 7: Goedgekeur**

1. **Die Noordelike Sinode neem met baie groot kommer kennis van die omvang en uitwerking van die studente-onrus op universiteitskampusse regoor ons land. As Sinode het ons begrip vir die kompleksiteit van die situasie en dat daar meriete is in van die standpunte van die "Fees Must Fall" beweging maar terselfdetyd bekommerd dat die demokratiese regte van 'n klomp studente in die proses verydel word. Ons doen 'n ernstige beroep op al die betrokke partye om hulle te weerhou van geweld en om in belang van almal in ons land 'n sinvolle oplossing te vind.**
2. **Die Sinode beskou dit as uiters noodsaaklik dat die regering ingryp om die situasie te normaliseer ten einde ingeskrewe studente in staat te stel om die 2016 akademiese jaar te voltooi.**
3. **Die Noordelike Sinode versoek die gemeentes in ons sinode om sensitief (as vredemakers), pastorale ondersteuning te bied aan ouers en studente wat tans trauma mag beleef as gevolg van die situasie of die moontlike persoonlike gevolge wat uit die situasie mag vloei.**
4. **Die Noordelike Sinode versoek die Algemene Sinode om al die gemeentes in die land te vra om Sondag, 16 Oktober 2016 in besonder te bid vir 'n spoedige oplossing van die krisis op die kampusse sodat studente die 2016 akademiese jaar kan voltooi. Die Sinode vra ook dat gemeentes bid vir universiteitsowerhede wat onder moeilike situasies belangrike besluite moet neem.**
5. **Die Noordelike Sinode spreek sy dank en steun uit teenoor die SA Raad van Kerke vir die bemiddelingsrol wat hulle in die hele proses speel.**
6. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor studente en personeel wat in die situasie meewerk aan die vind van oplossings.**

**Fritz Snyman** — **Voorsteller**
**LA Badenhorst** — **Sekondant**

**VOORSTEL 11: Goedgekeur**
**Dis Sinode spreek sy dank uit teenoor ons studenteleraars wat midde in uitdagende situasies steeds ondersteuning en pastorale versorging aan die personeel en studente op ons kampusse verleen en saam help soek na oplossings vir die huidige krissis.**

Die voorsitter gee geleentheid aan Neels Jackson (Redakteur van Kerkbode) om die vergadering in te lig aangaande die elektroniese beskikbaarheid van die Die Kerkbode.

### 43. **DIENSGETUIENIS** bl 109.

Die voorsitter stel dr. Braam le Roux aan die woord vir die hantering van die verslag van Diensgetuienis.

Dr. le Roux gee aan me. Maryke Venter (Direkteur van CMR Noord) geleentheid om die vergadering kortliks in te lig oor die werksaamhede van CMR Noord.

Dr. le Roux gee aan oudl. Andries Smal geleentheid om meer te vertel van die werksaamhede van Bergcare en Tshitandani Childcare Foundation en ‘n getuienis te lewer van hoe die Here voorsien.

Dr. le Roux gee geleentheid aan ds. Hannes Peens en oudl. Pieter Prozesky om met die vergadering te deel rondom die werk van die Limpopo-Wes Evangelisasie Forum.

Ds. Paul Grobler oorhandig namens die Noordelike Sinode ‘n Kremetart-beeldhouwerk van Sanna Swart, asook ‘n bedrag van ongeveer R11 000-00 wat as dankoffer tydens die sitting opgeneem is, aan me. Maryke Venter (Direkteur van CMR Noord) as gelukwensing met die CMR se 80ste bestaansjaar.

Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings en aankondigings.

Die vergadering verdaag vir verversings.

## **SESSIE 15** – 16:20

### 44. **DIENSGETUIENIS** (vervolg) bl 109.

Die voorsitter stel dr. Braam le Roux aan die woord wat vir dr. Hennie Kotze van Rustenburg geleentheid gee om die vergadering in te lig oor die werksaamhede van Vision of Hope en meer spesifiek rondom die saak van mensehandel.

Dr. Braam le Roux gee geleentheid aan dr. Retha Kruidenier om te getuig van die werk van Zama-Zama Hope 4 U Foundation wat in die Moot-area en die weste van Pretoria mense bemagtig deur vaardigheidsontwikkeling en sodoende hoop te bring.

Ds. Francois Smit deel getuienisse van die werk van PEN in die middestad van Pretoria.

Die voorsitter gee geleentheid vir oop gesprek oor die werksaamhede van Diensgetuienis.

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprekke oor stories van hoop wat verband hou met die werk van diensgetuienis. Veral stories van hoop wat in eie omgewing afspeel kan vermeld word.

Ds. Paul Grobler lig die vergadering in rondom die praktiese reëlings waar die Taakspan vir Ekologie die simboliese plant van die Kremetartboom (reeds vooraf geplant) op die terrein van Weesgerus sal hanteer, as teken van hoop in die lig van die feit dat die Noordelike Sinode al vir 5 sittings van Weesgerus se fasiliteite gebruik gemaak het.

Die Sinode verlaat die saal om die boom simbolies te plant en water te gee op die terrein van Weesgerus-oord.

## 45. DIENSGETUIENIS (vervolg) bl 109

**1. WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN**

**1.2 Skakeling met CMR**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode gee opdrag aan die Moderatuur om steeds die volhoubaarheid van die langtermyn begrotingsimplikasies van die CMR op die sinodale begroting te bestuur.**

**1.3 Skakeling met plaaslike diensorganisasies**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**1. Die Sinode keur die beginsel goed dat plaaslike Diensorganisasies wat om finansiële hulp aansoek doen slegs in terme van aanvangskapitaal gehelp behoort te word. Sodanige hulp behoort nie langer as drie jaar te duur nie. Slegs in uitsonderlike gevalle waar poste gefinansier word kan langer ooreenkomste aangegaan word.**
**2. Die Sinode gee opdrag dat alle bestaande ooreenkomste met organisasies nuut onderhandel word.**

**1.4 Ekumeniese gesprek**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode neem kennis van hierdie gesprekke en versoek die Moderatuur om voortdurend by sulke gespreksgeleenthede betrokke te bly.**

**1.5 Rasionalisering van begroting**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode neem kennis van die finansiële besnoeings wat noodgedwonge aangegaan is maar versoek die Moderatuur tog om te verseker dat die fokusarea van Diensgetuienis prioriteit bly.**

**1.6 Prioritisering van fokusareas**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode versoek gemeentes om prioriteit te verleen aan plaaslike diensorganisasies wat aan sinodale netwerke verbonde is, wanneer finansiële hulp vir nie-gemeentelike bediening begroot word.**

**1.7 Droogtehulp**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode bedank gemeentes wat positief op hierdie oproep om droogtehulp gereageer het.**

**1.8 Seisoen Van Menswaardigheid**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**Die Sinode ondersteun hierdie inisiatief van die Algemene Sinode en versoek gemeentes om deurlopend by die Seisoen van Menswaardigheid betrokke te bly.**

**2. VERSLAE VAN DIENSORGANISASIES OP SINODALE VLAK** bl.111.

**2.3 CMR**

**AANBEVELINGS: Goedgekeur**
**2.3.1. Die Sinode dra gelukwensing oor aan die CMR met die viering van hulle tagtigste bestaansjaar en bedank al die personeel vir hulle toegewyde diens.**
**2.3.2. Die Sinode neem ook met dank kennis van die werk wat deur al die diensorganisasies verbonde aan die SKDBM verrig word.**
**2.3.3. Die Sinode neem kennis van die finansiële druk wat op diensorganisasies geplaas word en versoek gemeentes om blywend hierdie organisasies te ondersteun.**

## 46. TWEEDE VERSLAG VAN DIE MODERATUUR (vervolg) los stuk

**4. AFVAARDIGING NA DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE:**

**4.1 Die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) het op sy vergadering van 5-7 September 2016 besluit om ‘n Buitengewone Algemene Sinode van 7–10 November vanjaar byeen te roep en gevra dat die geloofsbriewe teen 30 September ingehandig word. In die amptelike kennisgewing van die vergadering het die Algemene Sekretaris, dr. Gustav Claassen, geskryf dat die Buitengewone Sinode, “in ‘n sekere sin ‘n voortsetting van die vorige sinode is” en dat die Algemene Taakspan Regte (ATR) adviseer dat “die geloofsbriewe van die Algemene Sinode vergadering van 2015, steeds geldig is”.**
**4.2 Verder bepaal die Noordelike Sinode se huishoudelike reëls (kerkorde bepaling 32.3): “'n Buitengewone vergadering van die Sinode konstitueer met dieselfde personeel as by verdaging van die vorige gewone sitting”.**

**Die vergadering keur die optrede van die SDR goed:**

**4.3 In die lig van die voorafgaande het die moderatuur by sy vergadering van Vrydag, 23 September, soos volg besluit:**

***Die moderatuur beveel by die SDR aan:***

1. ***dat dieselfde geloofsbrief as vir die vorige Algemene Sinode in Oktober 2015, op 30 September 2016 ingehandig word,***
2. ***dat dieselfde personeel wat op die laaste dag ter vergadering verskyn het vir die Algemene Sinode van 2015, vir die Buitengewone Sinode van 7-10 Oktober 2016 opgeroep word,***
3. ***dat die aanbeveling elektronies aan die SDR voorgelê word vir goedkeuring.***

**4.4 Die SDR het in sy elektroniese stemming die aanbeveling met 39 stemme teen 2 aanvaar en die geloofsbrief is op 30 September elektronies ingehandig. Indien die geloofsbrief gewysig moet word a.g.v afgevaardigdes wat byvoorbeeld intussen uit die sinodale gebied vertrek het of dalk geëmeriteer het, kan daar tot en met die konstituering van die vergadering nog gewysigde geloofsbriewe ingehandig word.**

## 47. NOTULE 3E SITTINGSDAG MAANDAG 12 OKTOBER 2016 - Goedgekeur

## 48. PRAKTIESE REëLINGS

Ds. Paul Grobler tref praktiese reëlings rondom die aandete, asook vir die ontruiming van die chalets op Vrydag 14 Oktober 2016.

NG Gemeente Brits benodig ‘n aflospredikant vir 5 November tot 7 Desember.

## 49. DAGSLUITING

Sing: Lied 526
Dr. Ronél Meylahn (Universiteitsoord) sluit die dag af en doen die tafelgebed.